Navrae / Enquiries / IMibuzo: I. MORKEL
Telefoon / Telephone / IFoni: 403-6911
Faks / Fax / IFeksi: 419-5967
Verwysing / Reference / ISalathiso: 13/12/10/1

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CA
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLO
**ISebe leMfundo**

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE EN DIREKTEURE, AREA- EN KRING-BESTUURDERS, EN PRINSIPALE VAN ALLE GEWONE OPENBARE SKOLE

OMSENDBRIEF 0001/99

**FUNKSIONERING VAN BEHEERLIGGAME INGEVOLGE DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996: GEWONE OPENBARE SKOLE**

1. Die nasionale Minister van Onderwys het ingevolge artikel 54(1)(b) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), ná oorleg met die Raad van Onderwysministers en by kennisgewing in Staatskoerant No. 19389 van 30 Oktober 1998, vasgestel dat die beheerliggame van gewone openbare skole met ingang van 1 Januarie 1999 ingevolge gemelde wet (Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996) moet funksioneer.

2. Alle beheerliggame van gewone openbare skole is derhalwe by magte om met ingang van 1 Januarie 1999 die werksaamhede by artikel 20 van bogemelde wet en alle ander werksaamhede wat by of kragtens gemelde wet aan die beheerliggame opgelê word, te verrig.

3. Ingevolge artikel 21(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, mag 'n beheerliggaam skriftelik by die Departementshoof aansoek doen om enige van die funksies in daardie artikel uiteengesit, toegewys te word. Sodanige funksies kan egter nie op hierdie stadium aan beheerliggame toegeken word nie, aangesien die Departement besig is om kriteria op te stel aan die hand waarvan bepaal gaan word of die funksies aan 'n beheerliggaam toegeken gaan word al dan nie.

4. Alle beheerliggame wat wil aansoek doen om die toewysing van funksies soos in paragraaf 3 vermeld, word derhalwe versoek om slegs aansoek te doen sodra die kriteria in paragraaf 3 vermeld, aangekondig is.

5. Dankie vir u samewerking.

[signature]

w HOOF: ONDERWYS
DATUM 11/01/99



PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000